LIMPOPO
PROVINCIAL GOVERNMENT
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF
EDUCATION

NASIONALE

SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE V2

SEPTEMBER 2022

PUNTE: 150

TYD: 2 Ure

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye (insluitend ‘n 1 bladsy formuleblad) en ‘n antwoordeboek van 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies deeglik en volg dit nougeset:

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ‘n Spesiale ANTWOORDEBOEK is voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. ‘n FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers is tot hierdie vraestel aangeheg. Jy mag dit gebruik indien nodig.
4. Toon ALLE berekeninge om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ‘n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ‘n donker potlood of ‘n swart/bou pen gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Waar van toepassing, toon berekeninge tot EEN desimale punt.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ‘n gids wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE hiervan af te wyk nie.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	BTW en Rekonsiliasies	30	25
2	Vervaardiging	45	35
3	Voorraadwaardasie	40	30
4	Kontantbegroting en Interne kontrole	35	30
TOTAAL		**150**	**120**

VRAAG 1: BTW EN KREDITEURE-REKONSILIASIE (30 punte; 25 minute)

1.1 BTW

GEVRA

Kies die korrekte woord(-e) in hakies. Skryf slegs die woord(-e) langs die vraagnommer 1.1.1 tot 1.1.2 in the ANTWOORDEBOEK.

1.1.1 'n (Debiet/Krediet) saldo in die BTW (Inset/Uitset/Kontrole)-rekening toon die finale bedrag betaalbaar aan SAID. (2)

1.1.2 BTW op onttrekking van voorraad sal die BTW betaalbaar aan SAID (vermeerder/verminder). (1)

1.2 KREDITEURE-REKONSILIASIE

Die Krediteurekontrole-rekening en die Krediteurelys vir Junie 2022 is deur die boekhouer opgestel. Daar is 'n paar foute en weglatings soos aangedui deur die verskil in die twee saldo's.

GEVRA

Dui die regstellings aan wat op die Krediteurekontrole-rekening in die Algemene Grootboek en die Krediteurelys gemaak moet word, deur die bedrag met 'n + vir vermeerdering en 'n – vir vermindering te toon. (14)

INLIGTING

Die voorlopige totale/saldo's aan die einde van Junie 2022, voor aansuiwerings, is: Krediteurekontrole R22 550 en Krediteurelys R39 365.

Die volgende foute en weglatings was gevind:

A. Die Krediteurejoernaal is met R1 500 oorbereken.

B. 'n Debiteur met 'n kredietsaldo van R2 250 moet na die Krediteure-grootboek oorgedra word.

C. 'n Bedrag van R4 635 in die Krediteurejoernaal is verkeerdelik as R5 850 na die krediteur se rekening oorgeboek.

D. 'n EFO-betaling van R1 600 aan 'n krediteur is gedupliseer in beide die Algemene Grootboek en die Krediteuregrootboek.

E. 'n Korting ontvang van R2 400 is na die verkeerde kant van die krediteur se rekening oorgeboek.

F. Die Debiteurekontrolekolom se totaal van R13 500 in die Kontant-betalingsjoernaal, is foutiewelik na die debietkant van die Krediteure-kontrolerekening oorgeboek.

G. 'n Krediteur vereis 'n minimum van 10% betaling op die uitstaande bedrag. Dit is korrek in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken as R2 400, maar 'n 15% betaling is in die Krediteuregrootboek aangeteken. Stel die fout reg.

1.3 BANKREKONSILIASIE

Die volgende inligting het betrekking op Simon Handelaars vir Mei 2022.

GEVRA

Berei die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Mei 2022 voor. (7)

Let wel:

- Die Bankstaatsaldo is die balanserende bedrag.

INLIGTING

A. Uittreksel uit die Bankrekonsiliasiestaat op 30 April 2022:

Uitstaande deposit (gedateer 24 April 2022)	R13 650
Uitstaande betalings:	
• EFO 701	R43 100

Let wel:

- Die EFO-betaling van R43 100 verskyn op die Mei Bankstaat.
- Die uitstaande kontantdeposito van R13 650 verskyn nie op die Mei Bankstaat nie. Die kassier is aangeval op pad bank toe. Die kontant is gesteel en kon nie opgespoor word nie. Die volle bedrag moet afgeskryf word.

B. Die voorlopige saldo in die Bankrekening op 31 Mei is R20 400 (gunstig).

C. **Die volgende items moet steeds in berekening gebring word:**

- Die volgende items verskyn in die Joernale, maar nie op die Mei Bankstaat nie:
  - ‘n Deposito van R36 200 gemaak op 31 Mei 2022.
  - EFO 797 (gedateer 31 Mei 2022), R14 400.

1.4 INTERNE KONTROLE EN ETIEK

Sophy Ngoepe koop gereeld voorraad van Modimolle Handelaars. Die eienaar, Themba, bied Sophy ‘n spesiale prys van R50 025 (BTW ingesluit) in plaas van die normale prys van R64 170; op voorwaarde dat Sophy kontant betaal en geen dokumentasie word uitgereik nie.

GEVRA

1.4.1 Wat moet Sophy doen? Stel TWEE verskillende/aparte punte. (2)

1.4.2 Stel TWEE verskillende/aparte gevolge vir Themba. (2)

1.4.3 Wanneer is ‘n besigheid verplig om vir BTW te registreer? Voorsien EEN voordeel vir die besigheid om te registreer vir BTW. (2)

30

VRAAG 2: VERVAARDIGING (45 punte; 35 minute)

2.1 BOSHEGO LEERVERVAARDIGING

Die besigheid vervaardig handsakke. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2022.

GEVRA

2.1.1 Bereken die Direkte Arbeidskoste. (6)

2.1.2 Berei die Nota vir Fabrieksbokoste op 28 Februarie 2022 voor. (13)

2.1.3 Berei die Produksiekostestaat op 28 Februarie 2022 voor. (9)

Let wel: Sekere syfers is vir jou ingevul.

INLIGTING:

A. Voorraadsaldo's aan die begin en einde van die jaar:

	28 Feb 2022	1 Mar 2021
Grondstofvoorraad	R627 000	R900 000
Werk-in-proses voorraad	?	R116 450
Verbruikbare produkte	R11 500	R16 500

- Alle voorraad vervaardig is verkoop.

B. Die volgende voorraad is op krediet gekoop:

- Grondstofvoorraad R3 000 000
- Vraggeld van grondstofvoorraad R 27 000
- Verbruikbare produkte R109 000

D. Salarisse en lone:

- 30 fabriekswerkers het elkeen 160 ure per maand gewerk.
- Die normale koers is R25 per uur per persoon.
- Een van die fabriekswerkers is gepenaliseer met 'n aftrekking van 20% van sy maandelikse salaris, vir 8 maande. Dit is as gevolg van skade aangerig aan 'n masjien toe hy ongelukkig was omdat hy uitgemis het op 'n bevordering.
- Oortyd betaal beloop R75 000.
- Die fabriekvoorman se kontrak stel dat hy R150 000 per jaar verdien. Die kontrak is egter op 1 Oktober 2021 verander om 'n verhoging van 12% te toon. Hy is ook 'n bonus in Februarie 2022 toegestaan gelykstaande aan een maand se salaris.

E. Fabrieksonderhoud vir die jaar betaal, beloop R13 000. 'n Verdere bedrag van R3 200 word geskuld vir herstelwerk aan 'n fabrieksmasjien gedoen op 26 Februarie 2022.

F. Verbruikbare goedere verbruik word as volg toegeken aan die verskillende departemente: Fabriek 75% en Administrasie 25%.

G. 'n Bedrag van R120 000 is betaal vir water en elektrisiteit vir die jaar. Dit moet verdeel word tussen die Fabriek, Administrasie- en Verkoopsdepartemente in die verhouding 7 : 2 : 1 onderskeidelik.

H. Huur is toegeken tot die Fabriek en Administratiewe kantoor op grond van vloerarea. Die jaarlikse huur vir die Administratiewe kantoor is R16 800 en die kantoor beset 280m² van die totale area van 840m².

I. Verkope:

Handsakke vervaardig en verkoop gedurende die finansiële jaar	17 320 eenhede
Verkoopprys per handsak	R400
Koste van vervaardiging van elke handsak	R310

J. Addisionele koste aangegaan:

- Diverse uitgawes, R49 900
- Waardevermindering, R121 500
- Versekering, R108 000

2.2 MATOME VERVAARDIGERS

Matome Vervaardigers is 'n besigheid wat pennesakkies van materiaal vervaardig. Die finansiële jaar eindig op 31 Maart elke jaar.

GEVRA

2.2.1 Voorsien 'n berekening om te bewys dat die gelykbreekpunt vir die 2022 finansiële jaar korrek bereken is. (4)

2.2.2 Verduidelik hoekom die eienaar tevrede is met die produksievlak en gelykbreekpunt vir 2022. Haal syfers aan. (4)

2.2.3 Verwys na Veranderlike koste:
- Identifiseer die veranderlike koste wat die grootste kommer by die eienaar sal wek. Voorsien syfers en 'n berekening.
- Voorsien TWEE punte hoekom die eienaar bekommer hieroor moet wees. (5)

2.2.4 Ten spyte van die vermindering in vaste koste per eenheid, is die eienaar steeds nie tevrede met die beheer oor vaste koste nie. Verduidelik en voorsien berekeninge om sy opinie te staaf. (4)

INLIGTING

A. Die huidige inflasiekoers is 6%.

B. Lone van werkers is met 4,5% verhoog in 2022.

C. Eenheidskoste, gelykbreekpunt en produksie:

	MATERIAAL PENNESAKKIES	
	2022 R	**2021 R**
Veranderlike koste	**23,20**	**22,06**
Direkte materiaalkoste	12,06	11,60
Direkte arbeidskoste	8,10	7,00
Verkoops- en distribusiekoste	3,04	3,46
Vaste koste	**10,80**	**11,00**
Fabrieksbokoste	6,93	7,30
Administratiewe koste	3,87	3,70
Verkoopsprys per eenheid	**35,60**	**33,00**
	Eenhede	**Eenhede**
Eenhede geproduseer en verkoop	160 000	130 000
Gelykbreekeenhede	139 355	130 713

45

VRAAG 3: VOORRAADWAARDASIE (40 punte; 30 minute)

3.1 KONSEPTE

Dui aan of die **Deurlopende** of **Periodieke** voorraadstelsel van toepassing is by elk van die volgende stellings. Skryf die woord langs die vraagnommer (3.1.1 – 3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer. Bv. 3.1.4 Periodieke

3.1.1 Die aankoop van voorraad is as 'n uitgawe vir die besigheid aangeteken. (1)

3.1.2 Die besigheid is in staat om die bedrag van voorraad op enige tydstip gedurende die jaar te bepaal. (1)

3.1.3 Duur toerusting en rekenaarsagteware is noodsaaklik om boek te hou van voorraad verkoop. (1)

3.2 SIBANYONI JUNIOR CHAMPS

Sibanyoni Junior Champs verkoop sporttoerusting aan jonger kinders. Die eienaar, Emanuel, het inligting rakende sekere produkte vir die jaar geëindig 30 Junie 2022, voorsien.

GEVRA

VIR HOKKIESTOKKE:

3.2.1 Bereken die waarde van die slotvoorraad van hokkiestokke op 30 Junie 2022, deur die EIEU-metode te gebruik. (5)

3.2.2 Emanuel vermoed dat die hokkiestokkie nie goed beheer word nie. Voorsien 'n berekening om die aantal vermiste eenhede te bevestig. (4)

3.2.3 Emanuel het reeds kameras geïnstalleer en verdeling van pligte toegepas. Voorsien TWEE ander spesifieke kontrolemaatreëls wat hy kan instel om beheer oor voorraad te verseker. (2)

VIR HOKKIEBALLE:

3.2.4 Bereken die volgende vir die hokkieballe:

- Waarde van die slotvoorraad op 30 Junie 2022, deur die geweegde gemiddelde-metode te gebruik. Rond die finale antwoord af tot die naaste Rand. (4)
- Voorraadomsetsnelheid vir 2022. Lewer kommentaar oor hoekom die omsetsnelheid gepas is vir hierdie besigheid of nie. (6)

3.2.5 Verduidelik hoekom die geweegde gemiddelde-metode die beste gepas is vir hierdie produk. (2)

3.2.6 Emanuel het uitgevind dat die winkelbestuurder, Liza, in Maart 2022, die verskaffer van hokkieballe verander het sonder om hom in te lig.

Voorsien bewyse om te bevestig dat Emanuel nie gelukkig is oor Liza te besluit nie. Verskaf TWEE punte en voorsien syfers om jou antwoord te staaf. (4)

INLIGTING

A. Voorraad:

	HOKKIESTOKKE			HOKKIEBALLE		
Datum	**Getal een-hede**	**Per eenheid**	**Totale waarde**	**Getal een-hede**	**Per eenheid**	**Totale waarde**
Begin: 01/07/21	220	R450	R99 000	640	R60	R38 400
Aankope:	**1 070**	**?**	**R620 500**	**1 560**		**R117 200**
Jul 2021	160	R500	R80 000	440	R60	R26 400
Des 2021	210	R550	R115 500	360	R65	R23 400
Mar 2022	500	R600	R300 000	610	R85	R51 850
Terugsendings: Maart				(130)	R85	(R11 050)
Mei 2022	200	R625	R125 000	370	R95	R35 150
Terugsendings: Mei				(90)	R95	(R8 550)
Eind: 30/06/22	350	?	?	440	?	?
Verkope:	910	R875	R796 250	1 760	?	?

B. Vraggeld op aankope van hokkiestokke:

- Vraggeld word slegs op hokkiestokkie betaal.
- Vraggeld van R30 per stok op alle aankope – dit is nie in die pryse hierbo ingesluit nie.

3.3 WHEELS GALORE

Jake Winston koop en verkoop nuwe voertuie. Hy het jou voorsien van inligting van twee voertuigtipes vir die laaste finansiële jaar.

GEVRA

3.3.1 Bereken die winsopslag % op die Durendal model. (2)

3.3.2 Lewer kommentaar op die wyse wat Jake se advertensie op die klante en hul besluit oor elke model gehad het. Voorsien berekeninge om jou antwoord te staaf. (4)

3.3.3 Verduidelik hoe Jake die verkooppryse van die twee modelle bepaal het en of hy goeie besluit gemaak het of nie. (4)

INLIGTING

- Om verkope te verbeter, het Jake geadverteer dat potensiële kopers na die motorhandelaar kan kom om die karre te inspekteer en om ‘n 20-minuut toetsrit te doen voor hulle besluit om ‘n kar te koop

	Excalibur	**Durendal**
Navrae van potensiële kopers	320	155
Aantal karre verkoop	114	129
Verkoopprys per eenheid	R198 000	R228 800
Kosprys per eenheid	R120 000	R176 000
Totale verkope	R22 572 000	R29 515 200
Bruto wins per eenheid	R78 000	?
Winsopslag %	65%	?
Totale Bruto wins	R8 892 000	R6 811 200

40

Let wel:
Vraag 4 volg op bladsy 12

LAAT HIERDIE BLADSY OOP

VRAAG 4: KONTANTBEGROTING EN INTERNE BEHEER (35 punte; 30 minute)

MESOPOTAMIA GROOTHANDELAARS

Jy word voorsien met 'n onvoltooide Kontantbegroting wat vir drie maande geëindig 31 Oktober 2022, opgestel is. Hierdie besigheid word deur Jan Muller besit.

GEVRA

Verwys na Inligting A en B.

4.1 Voltooi die Krediteure-betalingskedule vir die periode Augustus tot Oktober 2022. Bereken die bedrae aangedui deur (*). (9)

4.2 Bereken die bedrag wat op 1 Oktober 2022 op die lening terugbetaal gaan word. (4)

4.3 **Verwys na Inligting C.**
Jan het die begrote met die werklike syfers vir Julie 2022 vergelyk.
Let wel: Die winsopslag % deur hierdie besigheid toegepas is 60% op kosprys.

4.3.1 Bereken die bedrag verpakkingsmateriaal (borrelplastiek) per meter, wat per eenheid gespaar word. (4)

4.3.2 Jan is tevrede dat die totale verkope verhoog het. Jy het sommige bekommernisse hieroor. Voorsien TWEE probleme wat jy geïdentifiseer het en haal syfers aan om jou antwoord te staaf. (4)

4.3.3 Dit blyk dat die vloot afleweringsvoertuie nie goed bestuur word nie. Voorsien TWEE bewyse om dit te bevestig (haal syfers aan om jou antwoord te staaf). (4)

4.3.4 Jan het twee besluite gedurende Julie geneem met betrekking tot advertensies en die salarisse van verkoopspersoneel. **Verwys na Inligting C.**

- Verduidelik wat hierdie besluite was en bereken die addisionele koste van hierdie besluite. (4)
- Verduidelik of hierdie twee besluite voordelig vir die besigheid was of nie. Haal syfers of berekeninge aan. (4)

4.3.5 Afgesien van die punte gedek in die vrae hierbo, identifiseer EEN ander uitgawe-item wat waarskynlik die besigheid negatief gaan beïnvloed, en verskaf 'n rede. (2)

INLIGTING:

A.

Uittreksel uit die Kontantbegroting	2022 Aug	2022 Sep	2022 Okt
Kontantbetalings			
Rente op lening (18% op lening)	5 700	5 700	4 800

B. ADDISIONELE INLIGTING OP DIE KONTANTBEGROTING VIR AUGUSTUS TOT OKTOBER 2022:

- Verwagte Koste van Verkope:

	Aug 2022	Sep 2022	Okt 2022
Koste van Verkope	428 000	436 000	443 000

- Voorraad verkoop word in die maand van verkope vervang.
- 40% van handelsvoorraad word op krediet gekoop.
- Die besigheid betaal hul krediteure as volg:
  - 10% in die maand van aankope (om te kwalifiseer vir ‘n 5% korting wat krediteure aanbied)
  - 75% in die maand wat volg op die maand van aankope
  - 15% in die tweede maand wat volg op die maand van aankope.
- ‘n Bedrag gaan op 1 Oktober 2022 op die lening terugbetaal word.

C. Jan het sekere van die begrote syfers van Julie 2022 met die werklike syfers van dieselfde maand, vergelyk:

	Julie 2022 Begroot	Julie 2022 Werklik
Totale verkope	**600 000**	**672 000**
Kontantverkope	150 000	70 000
Kredietverkope	450 000	602 000
Salarisse: Verkoopspersoneel	40 000	12 000
Kommissie: Verkoopspersoneel	–	66 150
Verpakkingsmateriaal **(sien onder)**	16 180	15 160
Advertering	15 000	25 000
Opleiding van personeel	22 000	3 000
Onderhoud op voertuie	17 500	4 800
Afleweringsuitgawes (insluitend brandstof)	20 000	42 000
Sekuriteit	8 000	2 600
Ander uitgawes	?	?
Bank saldo	(40 000)	?

Verpakkingsmateriaal:

- Jan het ‘n nuwe verskaffer gevind wat hom minder vra vir die borrelplastiek wat gebruik word om die produkte te verpak wat hy verkoop.
- 1,7 m borrelplastiek word per boks gebruik.
- 3 000 bokse is verpak en verkoop gedurende die maand.

35

TOTAL: 150 punte

Kopiereg voorbehou

GRAAD 12 REKENINGKUNDE: FINANSIëLE AANWYSERS FORMULEBLAD	
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorrade) : Bedryfslaste	Nie-bedryfslaste : Aandeelhouersekwiteit
(Handels- en ander ontvangbares + Kontant en Kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddeld krediteure}}{\text{Koste van verkope of Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwiteit}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota onder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lening}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwiteit + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersekwiteit}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Interim Dividende}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale Dividende}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopsprys per eenheid} - \text{Veranderlike koste per eenheid}}$	
Nota: *In hierdie geval, indien daar ‘n verandering is in die aantal aandele uitgereik gedurende die jaar, sal daar in die praktyk die geweegde gemiddelde aantal aandele gebruik word.	